23 November 2026

Tygieland-nuus

Webtuiste: www.tygies.co.za

PSALM 30:6 Die Here se genade is lewenslank! In die nag vloei die trane, maar in die oggend is daar vreugde.

PROGRAM VIR DIE WEEK	
Maandag – 23 November	• **Juf. Hannetjie Rossouw verjaar!** • Playball • A+ Students • Pottebakkery • Young Engineers • Gimnastiek • Krieket-akademie • Netbal Ninjas Akademie • Little Readers • **Skool verdaag 12:15**
Dinsdag – 24 November	• EQ4KIDS (Emosionele intelligensie) • Tennisafrigting (JL's Tennis Academy) • Super Somme (graad R) • A+ Students • Krieket-akademie • **Skool verdaag 12:15**
Woensdag – 25 November	• Experi Buddies • A+ Students • Super Somme (graad RR) • Krieket-akademie • Netbal Ninjas Akademie • Ballet • Little Readers • Gholf (inhaalles) • **Skool verdaag 12:15**
Donderdag – 26 November	• RSD (rugbyvaardighede) • Hippity Hop • A+ Students • Tennisafrigting (JL's Tennis Academy) • **Skool verdaag 12:15**
Vrydag – 27 November	😍SNOEPIEDAG😍 • **Graad 1 (2027): Nuwelingsdag 08:00** • Sport- en groepfoto's: Finale bestellings sluit (sien bladsy 3) • Tygieland Konsertfoto's: Finale bestellings sluit (sien bladsy 2) • **Skool verdaag 12:15**

KURRIKULUM

GRAAD RR

TEMA: Graad RR is pret!
Versie: Hersien die versies van die jaar
Liedjie: Hersien die liedjies van die jaar

GRAAD R

TEMA: Kersfees
Versie: Kersfees is hier
Liedjie: Jingle bells

NEEM KENNIS

- Die **akademiese program** asook die **getroue skoolbesoekregister** sluit op Donderdag, 26 November.
- **Graad 1 (2027):**
  - Die **klaslyste vir 2027** sal op **23 November per e-pos** gestuur word. Dié indelings is finaal.
  - Die **Nuwelingsdag** is **27 November 2026**.
- **Pretdag en klaspartytjies:** Vrydag, **4 Desember** (sien onderaan).
- Die **vorderingsverslae** sal op Vrydag, **4 Desember** vanaf **12:00** by die voogonderwysers beskikbaar wees.
- Graad RR en R **verdaag tot 9 Desember** om **12:15** (die wagklas is tot 13:00) en die naskool is van 13:00 – 17:30.
- Die **Tygieland-naskool** sluit op **10 Desember** om **14:00** vir die jaar.
- Die **skool en die naskool begin** weer **Woensdag, 13 Januarie 2027**.

OLD SCHOOL TYGIE-ONDERSTEUNERSTRUIE:

- Die tyd is hier en die truie het gearriveer. Bestellings wat reeds geplaas is, kan op **Vrydag, 27 November** van **12:00** tot **13:00** by die **Snoepie** afgehaal word.
- Indien u dit nie op daardie dag kan kom afhaal nie, kan u vir **Christoff (082 925 4136)** kontak om 'n alternatiewe reëling te tref.

Volg die skakel indien u nog bestellings wil plaas: https://forms.gle/CfHzK6uRMLMqjfkE9

TYGIELAND: KONSERTFOTO'S

Volg die skakel vir die instruksies om die fotobestellings aanlyn te kan bestel en betaal: Skakel

➢ Die finale bestellings **sluit Vrydag, 27 November 2026**

SKOOLGELD-BETALINGSWYSE VIR 2027

Neem kennis: Die Skoolgeld-betalingswyse vir 2027 is reeds op 2 November aan die jongste / enigste leerders uitgedeel. Indien u per **debietorder** of **vooruit wil betaal vir die jaar** (en korting ontvang), volg die skakel: Skakel

NASKOOL 2027

LW: Daar moet **jaarliks** 'n nuwe inskrywingsvorm voltooi word. Die naskool begin 13 Januarie 2027.

Skakel: Inskrywingsvorm 2027 (e-pos voltooide naskoolvorm na skoolgeld@tygies.co.za)

PRETDAG 2026

- Tygieland hou saam pretdag en klaspartytjies op **4 Desember**.
- Deelname aan die pretdag beloop **R20** (betaalbaar op die d6 App).
- Betaling moet **voor 2 Desember** gemaak word.
- Elke klasverteenwoordiger sal die nodige reëlings per klas tref vir die klaspartytjies.
- **Program:**
  - 07:20 – 07:45 (voogperiode)
  - 08:00 – 11:00 (pretdag op die A-veld)
  - 11:00 – 11:55 (klaspartytjies in die voogklasse)
  - 12:00 (leerders ontvang vorderingsverslae)
  - 12:15 (graad RR-R verdaag)

Tygies se WAARHEID IS: Ons gaan hierdie jaar met groot pret afsluit!

REDENAARS: GRATIS WERKSWINKEL

Moet asb. nie ons **GRATIS REDENAARS** aanlynwerkswinkel op **30 November 2026** om 17:00 - 20:00 misloop nie. **Alle graad R tot 7-ouers** is welkom.

Dit is veral met die oog op ons **graad 1 tot 3-leerders van 2027,** wat 'n **verpligte beredenerende toespraak** in Februarie in hulle onderskeie klasse moet lewer.

Mnr. Petrus Jacobs, eienaar en direkteur van KANSVATTER**,** bekende spreker en redenaarskenner deel sy kennis en vernuf.

Volg die skakel en word deel van ons Redenaarsgroepie. Die skakel vir die opleiding op 30 November 2026 sal op dieselfde dag op hierdie groep gedeel word. Skakel

REDEVOERING 2027: ATKV-TEMAS

- Graad 1-3 (2-4 minute): Fluister, skool en skryf

SPORT- EN GROEPFOTO'S (KWARTAAL 3 EN 4)

Volg die skakel vir die instruksies om die fotobestellings aanlyn te kan bestel en betaal: Skakel

➢ Die finale bestellings **sluit Vrydag, 27 November 2026**

